## VAAL POSDUIF UNIE

### NOTULE VAN DIE VAAL POSDUIF UNIE ALGEMENE JAARVERGADERING.
### GEHOU 2026-02-28 TE VANDERBIJLPARK KLUBSAAL.

**1. OPENING & VERWELKOMING**

Attie du Plessis heet almal teenwoordig welkom en vra dat die vergadering asseblief ordelik moet verloop.

Attie du Plessis vra Jan van Jaarsveldt om die openingsgebed te doen.

**2. PRESENSIELYS.**
**TEENWOORDIG / PRESENT**

| | |
|---|---|
| Attie du Plessis | H Scheepers |
| L Almeida | Danie Engelbrecht |
| F Jooste | Nollie Meintjies |
| H Coleman | A Myburgh |
| AM de Sa | D Maree |
| J Gerber | S du Preez |
| P Lambert | J Bouwer |
| W Rautenbach | Nooi Myburgh |
| W Strydom | D Maree |
| J v Jaarsveldt | Vickey Mathee |
| A Fivaz | Niekie Peters |
| Allan Bieske | Dewald Visagie |

**3. VERSKONINGS / APOLOGIES.**

| | |
|---|---|
| Freddie j/v Rensburg | W McPherson |
| Johan Jonker | Tiens Scholtz |
| B v Greunen | Esme Jonker |

**4. LIEF EN LEED / LOVE AND LOSS**

a. Tiens Scholtz – operasie ondergaan.

b. Ewald Loggenberg - Oorlede
c. Oom Joggie Peters - Oorlede
d. Moena Zietsman - Oorlede

**5. NUWE LEDE/ NEW MEMBERS**

a Dawie de Villiers

6. **GOEDKEURING VAN DIE NOTULE VAN DIE AJV van 2025**

Die notule van die Algemene Jaarvergadering van die VPU gehou op 2025-04-12 word goedgekeur.

Voorgestel :- N Peters

Sekondant :- H Coleman

**7. VOORLEGGING VAN FINANSIËLE STATE 2025 EN BEGROTING VIR 2026**

As gevolg van feit dat die AJV hiedie jaar so vroeg gehou is, is die finansieële nog nie beskikbaar nie. Sodra die state beskikbaar is sal dit uitgestuur word.

**8. KONTANT OP HANDE.**

Die huidige balans in die VPU bank rekening is R246 318.Dit sluit egter nog prysgelde in wat die jaar uitbetaal moet word.

**9. VERKIESING VAN UNIE BESTUUR 2024/ELECTION OF UNION MANAGEMENT 2024**

Die volgende lede is tot die VPU bestuur verkies en sal vir die volgende 4 jaar die poste beklee.

a) Voorsitter: Attie du Plessis

b) Onder Voorsitter: Niekie Peters

c) Tesourier: Esme Jonker

d) Vervoerbeampte: Wayne Mc Person

e) Wedvlug sekretaris: Martin Reyneke

f) Reklame beampte: Tony de Sa

g) Sekretaresse: Kobus Lambert

GEKOÖPTEERDE LEDE :

i. Danie Maree – Parys
ii. Andre Myburgh – Emfuleni
iii. Dewald Visagie – Unitas

Attie het Luiz & Freddie bedank vir hulle bydraes.

VOORSTEL VIR NUWE SANPO VOORSITTER: - Shane Gerber van PE is voorgestel en algemeen aanvaar.

**10. HONORARIUMS BETAALBAAR AAN AMPSDRAERS**

Daar word besluit om van die honorariums van die ampsdraers te behou soos verlede jaar - R3000.

**11. WEDVLUG PROGRAM 2026**

As gevolg van die feit dat die vervoer reeds goedgekeur is, is die wedvlug program soos vroër uitgestuur vas. Daar is wel 'n paar datums en afstande wat foutief aangedui is maar Attie sal dit korregeer.
**Om te kwalifiseer om aan die "sprint" wedvlugte deel te neem moet 'n lid ook aan die hoofprogram deelneem.**

12. **OEFENPROGRAM**

**Voorseisoen**
Die program is nog nie gefinaliseer nie maar daar word beoog om 2 oefen vlugte per week te hou tydens die twee weke voor die afskop van die vliegseisoen.

Kostes en vervoer middel moet nog uitgeklaar word.

**Gedurende die vliegseisoen**

Oefen vlugte tydens die vlieg seisoen (Vrydag loslatings) is ook nog nie uitgeklaar nie.

**13. GAUTENG COMBINE WEDVLUGTE-**

Al die wedvlugte op die program sal "Combine" wedvlugte wees

**14. GAUTENG PROVINSIE TERUGVOER**

Terugvoer sal gegee word sodra die vergadering plaasgevind het.

**15 TERUGVOER VAN SANPO VERGADERING. (word eers 14 Maart gehou)**

Verkry toestemming van die vergadering om die vlug kaartjies van die Unie voorsitter na die SANPO vergadering te borg. Goedgekeur vir beide die voorsitter en sy gade. Voorgestel Niekie Peters, Sekondant Tony se Sa.

**16 VERVOER : KOSTES VIR 2026 & DATUMS BETAALBAAR**

16.1 10/10 Span R3600

16.2 15/15 Span R5400

16.3 20/20 Span R7200

16.4 Wedvlugte Nr's 1 tot 38 is die hoofprogram.

16.5 Wedvlugte 39 tot 54 kan slegs aan deelgeneem word indien daar aan wedvlugte 1 tot 38 deelgeneem word. Die R1000 per lid is vir die komende seisoen reeds geborg.

16.6 Wedvlug 55 tot 64 is opsioneel en is slegs een wedvlug van 20 Ope duiwe . Die koste daarvan is R3500

16.7 Duif registrasies moet twee weke voor die eerste wedvlug ingedien word en mag nie hand geskrewe vorms wees nie en moet die inligting van die elektroniese ring wat aan die spesefieke duif toegeken is bevat.

**17 ANDER KOSTES:**

17.1 SANPO & Gauteng lede gelde moet nog vasgestel word.

17.2 VPU lede gelde. Verhoog na R600 per jaar

17.3 Koste van ringe. (Ou kostes)
Gewone ringe R5.50
Derby R10
Produce Derby R30
Sodra nuwe pryse beskikbaar is sal die kostes indien nodig aangepas word.

17.4 Jaareind funksie was baie professioneel en aangenaam.
Ons gaan die jaar n koste van R200 per persoon & R100 per kind vra om van die kostes te dek.

**18 MOTOR WEDVLUG** – Wag op besluit, sal later deurgegee word

**19 VERVOERBEAMPTE – STAND VAN TROK EN SLEEPWA**

Die huidige trok (Volvo perd) is in die proses om verkoop te word. ‘n besluit moet nog geneem word oor wat met sleepwa gedoen gaan word.

Martin Reyneke gaan deur Wayne opgelei word om eendag die pos as vervoerbeampte te kan oorneem.

**20 "SIGNWRITING" OP DIE MANDJIES**

Mandjies sal deur "LAMBIE LOGISTICS" gemerk word.

**21 SAKKE / STROOI IN MANDJIES**

Uitklaring sal vanaf "Lambie Logistics" verkry word.

**22 MANDJIE TOEDELING** (NA BETAAL VAN 1STE PAAIEMENT)

Vervoer gelde kan oor vier (4) maande betaal word. (April, May, Junie & Julie)
Eerste betaling moet die Unie ledegelde insluit. (¼ Vervoer + Ledegeld)

**23 SKEMAS: HOEVEEL SPANNE WORD TOEGELAAT**

Indien 'n lid meer as een span vlieg moet die spanne **apart geregistreer** word.
Indien daar deur meer as een lid vanaf dieselfde hok gevlieg word moet die duiwe apart geregistreer word. Uitruiling word nie toegelaat nie.

**24 NASIONALE SKOU.2026**

Attie sal by die SANPO vergadering uitvind waar en wanneer dit gehou gaan word.

**25 VERBODE MIDDELS & TOETSINGSKOMITEE.** Sal weer Niekie se verantwoordelikheid wees. Daar was geen positiewe uitslae in 2025 van toets wat op VPU lede se duiwe gedoen is nie.

**26 DIE VOLGENDE IS IN ENGELS OMDAT DIE VPU GRONDWET IN ENGELS GESKRYF IS**

**Recommended changes to item 5 of the VPU constitution. Item 5 to changed accordingly.**

**5.**

**5.1. MEMBERSHIP The following clubs are currently members of the VPU in alphabetical order.**

- **5.1.1. Emfuleni Posduifklub (EPK)**
- **5.1.2. Marlbank Pigeon Club (MPC)**
- **5.1.5. Overvaal Posduifklub (OPK)** (Dormant)
- **5.1.6. Parys Posduifklub (PPK)**
- **5.1.7. Unitas Posduifklub (UPK)**
- **5.1.8. Vanderbijlpark Posduifklub (VDB)**
- **5.1.9. Playfair Pigeon Club (PLF)** (Dormant**)**

**VPU boundary as suggested by Marlbank Pigeon Club**

**5.2 Only clubs which fall within the following Latitudinal borders will be allowed to affiliate to the VPU.**

**The following Latitudes are applicable:**

| | | DD MM SS.S | |
|---|---|---|---|
| **North** | **-** | **26º 24´ 06.6”** | **(Where R59 crosses the Klip river)** |
| **South** | **-** | **27º 10´ 44.0”** | **(Where Rietspruit crosses R721 between Vredefort & Kroonstad)** |

**27 KLUB SAKE**

Nollie Meintjies van Parys klub is woonagtig anderkant Vredefort en het verhuis na ‘n perseel nog 5Km verder as sy vorige adres. Hy het ‘n skrywe aan die Unie gerig om toestemming verkry om as lid van die VPU aan te bly en te kan deelneem aan die VPU wedvlugprogram. Sy versoek is goedgekeur.

**28 ALGEMEEN / GENARAL:**

POKKE & PARAMYXO – Alle duiwe moet met ‘n geregistreerde entstof geënt word. Inentingsertifkaat moet in duplikaat ingevul word en ingedien word voor of tydens die eerste aand van inkorwing.

**29 “KNOCKOUT” KOMPETISIE:**

“Ninja Lofts” gaan ‘n “Knockout” kompetisie borg. Reëls sal later versprei word. Prysgeld word as volg geborg.

1e R15 000

2e R10 000

3e R5 000

**30 DRIEHOEK SKOOLFONDS ONDERSTEUNINGS WEDVLUG:**

Driehoek Skool het gevra of ons hulle kan help met n fondsinsameling, Attie het met Wayne gepraat en gehoor of ons die Marlbank OLR kan gebruik daarvoor. Verdere inligting sal volg sodra ons met die Hoof van Driehoek, mr. Stefan Schoeman, gesels het.

**23 AFSLUITING**

Attie bedank die vergadering vir die goeie gees tydens die vergadering en verdaag die vergadering.

Voorsitter
Attie du Plessis

Luiz Almeida